Opgestel deur my:

Transportbesorger
ROODT C J T

| VERBIND | MORTGAGED |
|---|---|
| VIR FOR R 1400 000-00 | |
| B 238 /2000 | |
| 2000-02-18 | REGISTRATEUR/REGISTRAR |

# TRANSPORTAKTE

*(Uit krag van 'n Prokurasie)* T 469 /2000

## Hierby word bekendgemaak

NICOLAAS JOHANNES GOUWS

**DAT**
voor my, **Registrateur van Aktes, Kimberley** verskyn het, te **Kimberley** hy, die genoemde Komparant synde behoorlik daartoe gemagtig deur 'n volmag aan hom verleen deur

**PIETER ARNOLDUS VAN DEVENTER**
**Identiteitsnommer 520523 5080 082**
**Getroud buite gemeenskap van goed**

gedateer die 18de dag van JANUARIE 2000 en geteken te DOUGLAS.

**EN** die Komparant het verklaar dat voormelde lasgewer die ondergemelde eiendom op 1 Desember 1999 waarlik en wettiglik per privaat transaksie verkoop het en dat hy in sy voormelde hoendanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van:

**LARANDRE GAME RANCH (PROPRIETARY) LIMITED**
**Registrasie Nr. 1995/10977/07**

die se opvolgers in titel of regverkrygendes, in volkome en vrye eiendom,

**GEDEELTE 1 van die plaas CHRISTIAN'S DRIFT Nr. 166 geleë in die distrik Kimberley, provinsie Noordkaap**

**GROOT 770,8788 (Sewe honderd en sewentig komma agt sewe agt agt) hektaar**

**AANVANKLIK** oorgedra kragtens Transportakte Nr T 248/1945 met kaart wat daarop betrekking het en gehou kragtens Transportakte Nr T 167/1989

**ONDERHEWIG** aan die voorwaardes gemeld in genoemde Kroongronfbrief Nr 8/1954 naamlik:

Die regte van die Goewerneur-Generaal soos bepaal in Artikel vier-en-dertig van die Kroongrond Nederzettings Wet 1912 wat voorbehou is, (nr. 12 van 1912) betreffende die oprigting van sekere klas werk op of oor hierdie grond met die reg om materiaal te neem vir die doel van sulke werk.

**WESHALWE** die Komparant afstand doen van al die reg en titel wat die gesegde PIETER ARNOLDUS VAN DEVENTER getroud buite gemeenskap van goed voorheen in die genoemde eiendom gehad het en gevolglik ook erken dat hy geheel en al uit die besit daarvan onthef is en nie meer daartoe geregtig is en dat kragtens hierdie akte, die genoemde

LARANDRE GAME RANCH (PROPRIETARY) LIMITED
REGISTRASIE No 1995/10977/07

die se opvolgers in titel of regverkrygendes tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en erken hy ten slotte dat die koopsprys van die eiendom wat hiermee getransporteer word die bedrag van **R1 000 000.00 (EEN MILJOEN RAND)** is.

**IN GETUIENIS WAARVAN EK,** die genoemde Registrateur van Aktes tesame met die Komparant, q.q. hierdie akte onderteken en dit met my ampseël bekragtig het.

ALDUS gedoen en geteken op die kantoor van die Registrateur van Aktes te KIMBERLEY

op 2000 -02- 18

q.q. sy Prinsipaal/ale.

In my teenwoordigheid,

REGISTRATEUR VAN AKTES

Hereregtevrystelling uitgereik deur die Ontvanger, Kimberley op 28 Januarie 2000.

Nagesien : 1. 2.

**UITTREKSEL UIT DIE NOTULE VAN 'N VERGADERING GEHOU TE**

**OP** 21. 1. 2000.

**BESLUIT:**

**DAT** LARANDRE GAME RANCH (PTY) LTD (No. 95/10977/07)transport neem van PETRUS ARNOLDUS VAN DEVENTER

vir die koopsom van R1 000 000,00

van die volgende eiendom(mme):

Gedeelte 1 van die Plaas CHRISTIAN'S DRIFT Nr. 166, geleë in die distrik KIMBERLEY, Provinsie NOORD-KAAP
GROOT 770,8788 (SEWE HONDERD EN SEWENTIG KOMMA AGT SEWE AGT AGT) hektaar

**DAT** FRANCIS JOHN LAWRENCE

in sy hoedanigheid as Direkteur behoorlik gemagtig word om alle dokumente wat nodig mag wees ten einde die gemelde transport te registreer, namens die Maatskappy op te stel of te laat opstel en te teken op sodanige terme en voorwaardes as wat hy in sy diskresie mag besluit en in die algemeen alles te doen wat nodig mag wees ten einde gevolg te gee aan hierdie besluit.

**GESERTIFISEER 'N WARE UITTREKSEL**

BESTURENDE DIREKTEUR/BESTUURDER/SEKRETARESSE

(Alle Direkteure moet teken)

# VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

FRANCIS JOHN LAWRENCE

verklaar hiermee onder eed:

1. Dat ek 'n beampte is van LARANDRE GAME RANCH (PTY) LTD No : 95/10977/07 (hierna verwys as die "MAATSKAPPY")

2. Dat die Maatskappy steeds as sulks geregistreer is met die Registrateur van Maatskappye en dat dit nie ge-deregistreer is nie.

3. Dat die Sertifikaat van Inlywing en Akte van Oprigting voorsiening maak vir die koop en verkoop van eiendom.

4. Dat die Maatskappy nie in likwidasie is nie en dat geen aansoek om dit te likwideer hangend is nie. Dat daar geen interdikte of hangende interdikte teen die Maatskappy is nie.

Ek sertifiseer dat die verklaarder erken dat hy/sy met die inhoud van hierdie verklaring, wat voor my te Bloemfontein 21 Januarie 2000 geteken en beëdig is, vertroud is, en dit begryp en dat daar aan die bepalings van die Regulasies vervat in Goewermentskennisgewing R1258 van 21 Julie 1972 (soos gewysig) voldoen is.

CHRISTIAAN JACOBUS KIRSTEIN
KOMMISSARIS VAN EDE VIR DIE R.S.A.
COMMISSIONER OF OATHS FOR THE R.S.A.

~~C.J. KIRSTEIN G.R.(SA)~~ KELLNERSTRAAT 18
KOMMISSARIS VAN EDE
FINANS... WESTDENE
PROPERBOER DIENSBURO BK BLOEMFONTEIN
VERW 9/1/8/2 BLOEMFONTEIN (A3) 1995-05-08
DATE: 21/01/2000

## MAATSKAPPYSERTIFIKAAT

i/s : **TRANSPORT AAN LARANDRE GAME RANCH (PTY) LTD (No. 95/10977/07) van Gedeelte 1 van die Plaas CHRISTIAN'S DRIFT Nr. 166 vir die bedrag van R1 000 000,00**

---

Ek, die ondergetekende,

FRANCIS JOHN LAWRENCE

sertifiseer hiermee dat:

1. Ek is 'n Direkteur van LARANDRE GAME RANCH (PTY) LTD No. 95/10977/07.

2. Die maatskappy steeds op die Register van Maatskappye as 'n privaat / publieke maatskappy geregistreer is.

3. GEEN besluit wat die Akte van Oprigting van die maatskappy wysig of wat die effek het om dit te wysig, is sedert 13 Oktober 1995 geneem nie.

4. Francis John Lawrence (naam) is op 21 Januarie 2000 (datum) die direkteur/e van die maatskappy en (indien nodig volgens die Statute) hulle aanstelling is deur die Registrateur van Maatskappye bekragtig.

5. Die maatskappy is nie 'n maatskappy waarin 50% of meer van die stemdraende sekuriteite, kapitaal of verdienste gehou of direk of indirek beheer word deur persone wat buite die Republiek van Suid-Afrika woon (soos bedoel deur regulasie 3(1)(f)(ii) van die Valutabeheer Regulasies, 1961, soos gewysig nie.

6. Bogemelde transaksie is ten volle gemagtig deur die maatskappy (en ook deur die aandeelhouers volgens artikel 228 van die Maatskappywet, indien nodig) en die skriftelike besluit geteken deur die direkteur/e wat die transaksie magtig, is nie kragtens artikel 236 van die Maatskappywet ongeldig nie.

7. Geen besluit is geneem vir die vrywillige likwidasie van die maatskappy nie; geen aansoek vir die likwidasie van die maatskappy is aan die hof gerig nie; die maatskappy is nie onder geregtelike bestuur nie.

VOORSITTER/SEKRETARIS

**VERSLAG DEUR REKENINGKUNDIGE BEAMPTE**

Ek, die ondergetekende Christiaan Jacobus Kirstein

van die firma Jaco Kirstein Praktyk

verklaar hiermee dat ek die relevante rekords en dokumente van die LARANDRE GAME RANCH (PTY) LTD (No. 95/10977/07) nagegaan het en gebasseer op my ondersoek verklaar ek dat die feite hierbo uiteengesit tot die beste van my wete en geloof korrek is.

[signature] 21/1/2000

Rekeningkundige Beampte

**JACO KIRSTEIN**
***Geokrooieerde Rekenmeester (S.A.)***
***Chartered Accountant (S.A.)***
**KELLNERSTR. 18 KELLNER ST.**
**POSBUS 1413 P.O. BOX**
**TEL. 051-430446 / FAX: 051-4303774**